SASTRI KOLLEGE

MAART BEHEERDE TOETS 2020

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 10

Eksaminatrise:	Mej. P. Govender	**Punte:**	40
Moderatrise:	Mev. N. Brijmohan	**Tyd:**	1uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye

INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings.
2. Beantwoord alles (answer everything) in die vraestel.
3. Gebruik dieselfde nommers (use the same numbers).
4. Skryf netjies en leesbaar (Write neatly and legibly).

AFDELING A: BEGRIPS	10 PUNTE
AFDELING B: OPSOMMING	10 PUNTE
AFDELING C: TAAL	20 PUNTE
GROOT TOTAAL:	40 PUNTE

AFDELING A:BEGRIPSTOETS [10]

VRAAG EEN

TEKS: A

Vrae:

1.1 Wie is die adverteerder? (1)

1.2 Wie is die teikengroep in hierdie advertensie? (1)

1.3 Die adverteerder rig 'n uitnodiging aan die leser. Wat is die uitnodiging? (1)

1.4 Skryf die korrekte WOORD neer om aan te dui dat die DBV net 60 minute van jou tyd vra.

Slegs (een uur/ eenuur) van jou tyd kan genoeg geld insamel (1)

1.5 Wie is die persoon wat volgens die adverteerder 'n verskil kan maak? (1)

1.6 Hoeveel troeteldiere gebruik die adverteerder in sy advertensie? (1)

1.7 Noem TWEE tegnieke wat die adverteerder gebruik om jou te oortuig om deel te wees van die projek. (2)

1.8 Skryf die slagspreuk van die DBV neer. (1)

1.9 "HELP ASSEBLIEF!"

Wat is die funksie van die uitropeteken? (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 10

b.o vir Vraag Twee

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: WENKE OM MEDISYNE REG TE GEBRUIK EN REG TE BERE

- ☐ Som die SEWE wenke in SEWE VOLSINNE op.
- ☐ Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- ☐ Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- ☐ Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- ☐ Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS B

Volg hierdie wenke om medisyne reg te gebruik en reg te bêre

- Dit is belangrik om medisyne op 'n koel plek te bêre. Medisyne moet onder 25°C gehou word. Hitte kan medisyne minder doeltreffend maak.
- Vogtigheid kan medisyne ook minder doeltreffend maak. Bêre medisyne dus liewer nie in 'n badkamer of 'n baie vogtige plek nie. Medisyne moet op 'n droë plek gebêre word.
- Omdat jong kinders nuuskierig is, is dit belangrik dat medisyne gebêre word waar kinders nie daarby kan uitkom nie, soos in 'n kassie wat gesluit kan word.
- Kyk altyd of medisyne die regte tekstuur het. Nat en poeierige pille moenie gebruik word nie.
- Kinders en volwassenes se liggame verwerk medisyne op verskillende maniere en 'n mens moet nooit die aanbevole dosis oorskry nie. Selfs een ekstra milliliter van sekere soorte medisyne kan 'n groot verskil maak, en soms selfs tot die dood lei. Korrekte dosisse vir kinders word deur hul gewig bepaal en ouers moet dus rekord van hul kinders se gewig hou. Neem altyd die korrekte dosis.
- Kyk op die etiket wanneer medisyne verval. Medisyne moet nooit na die vervaldatum wat op die etiket verskyn, gebruik word nie.
- Moenie medisyne wat al lank in 'n kas is en nie gebruik is nie, in die toilet wegspoel of saam met huishoudelike rommel weggooi nie. Die beste raad is om ongebruikte medisyne na 'n apteker te neem.

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING _ TAAL

VRAAG DRIE

TEKS C: PRENT

Kyk na die strokie en beantwoord die vrae. Skryf elke keer die hele sin uit.

[Uit *WEG, Januarie 2009*]

3.1 RANGSKIK die groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.

Madam sit (rustig) (op sy stoel) (vir 'n rukkie).
Begin só: Oupa sit ... (1)

3.2 Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woord

Madam en Eve moet albei hulle (bril) dra. (1)

3.3 Voltooi die INFINITIEF. Begin met die gegewe woorde

Madam moet Eve se salaries styg.

Begin so: Madam behoort... (1)

3.4 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE

Eve sê: "My salaries is baie laag"
Begin só: Eve sê ... (1)

3.5 Vul die **KORREKTE VRAAGWOORD** in, sodat die onderstreepte deel van die sin die antwoord is.

Madam gee vir Eve 'n koerant. (1)

3.6 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Daar is baie misdaad in ons land. (1)

3.7 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Eve het Madam se koerant op die tafel gelos. (1)

3.8 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Madam lees die koerant. Eve sukkel met die werk. (terwyl) (1)

3.9 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Madam het gister 'n vraag gevra. (1)

3.10 Skryf die sin oor en begin met die VETGEDRUKTE woorde.

Eve maak toebroodjies **vir middagete**.
Begin só: Vir middagete ... (1)

3.11 Skryf die volgende sin oor in DIREKTE REDE

Madam sê dat Eve die skottelgoed moet was. (1)

3.12 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Madam lees daagliks die koerant. (1)

3.13 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Het Eve se salaries gestyg?.
Begin só: Nee,... (1)

3.14 Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakkies.

Die tafel (aan + wat) Madam sit is vreeslik oud. (1)

3.15 Waarvoor staan die afkorting in die volgende sin?

Madam lees die voorblad en b.o tot die sports afdeling. (1)

3.16 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Madam het 'n pratige huis. (1)

3.17 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakkies.

Die koerant wat Madam lees is (oud). (1)

3.18 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakkies.

Die klein (besem) word gebruik om die huis skoon te maak. (1)

3.19 Skryf die GETAL in woorde.

Eve werk vir Madam vir (14) maande. (1)

3.20 Verdeel die woord SALARIS in LETTERGREPE. (1)

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOT TOTAAL: 40